

## 20 Mei Johannes 13:36-38

(Teks: 13:36b)

### *Later wel*

In die nag waarin Jesus die Nagmaal ingestel het, wys Hy aan tafel sy verraaier aan. Die Here trek tóé reeds die lyn deur na sy weggaan in heerlijkheid (*Joh. 13:31-33*). In dieselfde gesprek sê Hy dan ook dat die weggaan 'nou' gaan gebeur (*vergeelyk Joh. 13:33, 36, 37*). Dit is op hande.

Weldra gaan die Here van die dissipelkring weg, die Herder gaan sy skape verlaat. Dit wys juis op die ophande skeiding van Jesus Christus deurdat Hy na die hemel toe gaan opvaar. As Hy dan sê dat Hy nog net 'n klein rukkie by hulle sal wees, vra Petrus waarheen die Here gaan. Opvallend dat Jesus die vraag na die plek beantwoord met die aandui van die tyd: "nie nou nie". Die plek word dan aangedui as 'n plek waarheen Petrus nie "nou" saam met die Here kan gaan nie.

Dit is nie vreemd dat Petrus wat die Here so nougeset gevolg het, haastig is om die plek te bereik nie. As hy weet waar dit is, dan kan hy gaan. Hy is gereed om te volg, hy sal sy lewe gee.

Wat Jesus antwoord beteken: nie nou nie, maar later wel. Alles is nog nie gereed nie. Daar is in die hemel nog werk wat Jesus moet verrig.

Jesus moet nog opvaar om by die Vader ons plekke gereed te maak. Eers sal die pad na die hemel nog gaan oor die kruis, deur die hel en dood en graf. Daarom nie nou nie, maar later wel.

Hy is nou besig om ons plekke te berei sodat, wanneer die 'later wel' aanbreek, ons in genade mag ingaan om saam met ons Verlosser by die Vader te wees.

Sing Skrifberyming 11:1,2, 3

Ds. G. du Plessis (Emeritus)